# Balletskoentjies

Met opleiding in ernstige (klassieke) en koormusiek, asook die pyporrel, is ek ook versot op opera, operettes en soortgelyke musiekuitvoerings en probeer om so veel as moontlik van hierdie vorms van optrede en uitvoerings by te woon. Vanaf my laat tienerjare het ek musiek gemaak in verskeie sekulêre orkeste, optredes by huweliksonthale, eredienste in verskillende kerke en verskeie ander optredes waar ek my talent nuttig kon aanwend. Tot ‘n klompie jare gelede was ek musiekleier by ‘n Sondagkerk, maar Abba het ander planne vir my gehad en my op ‘n heel ander roete gelei; Hy het my ook gedurende die afgelope jaar of twee hierdie vorms van vermaak in ‘n ander lig laat sien, soos ek vroeër vanaand beleef het...

My vrou en ek het sopas teruggekeer van ‘n uitstekende ysskaatsvertoning van “Swanemeer” by die Teatro by Montecasino in Johannesburg. Die Imperial Ice Stars uit Moskou het hulself oortref in hul vertolkings en geen hand, voet of glimlag was uit plek nie.

Gedurende die eerste toneel word mens bykans gehipnotiseer deur die foutlose optredes van die skaatsers – selfs die bose towenaar is indrukwekkend, totdat hy Odile inlei en aan die prins voorstel as ‘n moontlike huweliksmaat. Sy is ten volle in swart geklee en onmiddellik het ek besef hoedat ons, as gelowiges, flankeer met wêreldse dinge, sonder om te oorweeg hoe gevaarlik dit soms mag wees. Ons laat toe dat heidense gebruike, musiek, prentjies, TV-sepies en dies meer ons huise binnekom, alhoewel ons dink ons is sterk genoeg om dit te weerstaan. Steeds in die eerste toneel ontmoet Prins Siegfried vir Odette, die swaanprinses wat ‘n menslike vorm aanneem. Nog vele skitterende skaats- en danstonele volg, waarna Odette wegvlieg nadat die prins sy liefde aan haar verklaar het.

Enkele oomblikke later kom sy terug, nie met haar ysskaatse nie, maar met balletskoentjies. Sy het die prins se liefde aanvaar en onderwerp haarself nou aan hom. Oombliklik, te midde van ernstige opruiende musiek, het ek ervaar hoe Ruach haQodesh my laat verstaan dat ons ook so behoort op te tree in ons lewenswandel...

Op die ysskaatsbaan, met haar ysskaatse, was sy ‘n top ballerina; sy kon grasieus enige plek op die ys beweeg met die minste moeite en teen hoë spoed. Tog, die balletskoentjies beteken niks op ys nie en derhalwe was sy onderworpe aan die prins – waarheen sy wou gaan, moes die prins haar neem en waar die prins gegaan het, moes sy saamgaan.

Hierdie is onderwerping in die hoogste graad – dieselfde onderwerping wat Abba van ons verwag. Op soortgelyke wyse moet ons ook ons ysskaatse uittrek, ons balletskoentjies aantrek en onsself onderwerp aan ons Prins – die Prins van vrede, die Een wat ons sal neem na waar Hy ons wil hê; die Een Wie ons sal optel en dra tot waar Hy ons kan gebruik.

Indien jy dit nog nie gedoen het nie, stel ek voor jy trek jou ysskaatse uit, trek jou balletskoentjies aan en onderwerp jouself ten volle aan Hom. Hy ken alreeds die Weg en verlang dat jy Hom onvoorwaardelik sal volg. Hy het ons geleer deur Johannes 14:15 “As julle My lief het, voer voortdurend My opdragte uit.”

Ek weet nie van jou nie, maar ek is gemaklik in my balletskoentjies!

Hein Zentgraf
hein@zentgraf.org

Oorspronklike artikel in Engels

9 Tevet 5776
20 Desember 2015

Vertaal en aangepas op 3 Adar II 5779 / 10 Maart 2019